



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013

GRAAD 5

AFRIKAANS HUISTAAL MODELVRAE

Hierdie boekie bestaan uit 13 bladsye, die voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Hoe om die eksemplaar vraestelle te gebruik

Alhoewel die eksemplaar vraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les.** Individuele modelvrae of 'n hanteerbare groep vrae, wat versigtig gekies is, kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word :

- 1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

2. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die eksemplaar vraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

AFDELING A

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

In die begin was die wêreld nog jonk en groen. Daar was geen stede of oorloë nie. Die voedsame en gesonde hemel was na aan die aarde. So naby, dat wanneer die mense honger was, hulle net `n stukkie daarvan kon afbreek en eet. Hulle het nie nodig gehad om groente te plant of diere te jag vir kos nie. Elke dag kon die mense stories vertel en met die diere speel. Die diere was nooit bang vir hulle nie.

Ongelukkig was die mans en die vroue baie gulsig en het dan meer van die hemel afgesny as wat hulle nodig gehad het om hul honger te stil. Dit het die hemel vreeslik kwaad gemaak, veral as die mense die oorskiet op `n vullishoop gegooi het.

Op `n dag het die hemel met die mense gepraat en gesê, "As julle mense my nie met meer respek gaan behandel nie, sal ek ver weggaan."

Dit het die mense baie bekommerd gemaak, want hulle het geweet wat die gevolge daarvan sou wees. Vir `n lang tyd was die mense weer gehoorsaam. Hulle was versigtig en het net afgesny wat hulle nodig gehad het.

Eendag het `n gulsige vrou `n massiewe stuk van die hemel afgesny. Sy het soveel daarvan geëet as wat sy kon, maar kon dit nie opeet nie. Daarna het sy haar man gaan roep om haar te help. Hy het ook sy deel geëet, maar daar was steeds `n groot stuk oor. Die vrou en haar man het almal in die dorpie gaan roep om te kom help, maar hulle kon dit nog steeds nie opeet nie. Op die ou end moes hulle die laaste stuk in die vullisdrom gooi.

Die hemel was bitter kwaad en het van die aarde af weggevlieg. Die mense het hul bes probeer om dit by te kom, maar die hemel was skielik so ver soos die verste sterre.

Van toe af moes die mense baie hard werk om die nodige kos in die hande te kry en word hulle gereeld honger.

[Uittreksel uit Platinum Gr. 5 English HL]

1. Omkring die letter met die korrekte antwoord vanaf vraag 1-5.

1.1 Watter titel sal die beste by die bostaande teks pas?

A Die verre hemel.

B Die verste dorpie.

C Die verste mense.

D Die diere.

(1)

2. Watter van die volgende sal die mense die beste beskryf?

A bang

B opgewonde

C gulsig

D kwaad

(1)

3. Die hemel was baie ... toe die mense meer afgesny as wat hulle nodig gehad het.

A hardkoppig

B bly

C kwaad

D gelukkig

(1)

4. Waar het mense die kos wat oorgebly het gegooi?

A Op 'n vullishoop.

B In die verre hemel.

C In die dorpie.

D In die tuin.

(1)

5. Op watter manier is die mense gestraf omdat hulle ongehoorsaam was?
- A Hulle moes vanaf die vullishoop eet.
 - B Hulle moes die hemel eet.
 - C Hulle moes na die hemel vlieg.
 - D Hulle moes hard werk om kos te kry. (1)

6. Watter les kan jy uit die storie leer?

(2)

7. **Oorsaak en Gevolg.**

Oorsaak en gevolg beteken dat as jy een ding doen, dan gebeur iets anders.

VOORBEELD: Oorsaak: As jy die wet oortree.

Gevolg: Sal jy in die moeilikheid beland.

7.1 Skryf neer wat jy dink sal die gevolg wees van die oorsaak hieronder gegee.

Oorsaak: Die mense het nie die hemel met respek hanteer nie.


Gevolg: Die hemel het _____ geword. (1)

7.2 Skryf neer wat jy dink die oorsaak sal wees van die gevolg hieronder gegee.

Oorsaak: Die mense was _____.

Gevolg: Die mense moes die stuk van die hemel wat oorgebly het in die vullisdrom gooi. (1)

Lees die volgende gedig deur en beantwoord dan die vrae



Die boom staan trots in die rigting van die
wind,

Met sy jas oor sy kop.

Nou kan jy weet somer is om die draai.

Oral ruik ons aangename geure,

Heerlik sit ons met oop deure.

Hy drink en sit die heeldag vas aan sy bas,

Met sy hare wat al wilder groei,

En as sy hare uitval, een vir een

Word sy kop vaal en alleen.

Die boom is kaal is soos 'n woestyn,

Met geen klere aan sy lyf,

Moet jy weet dis winter,

Hy huil oor sy jas –

Dis weg – tot volgende somer.

[Aangepas deur Shepistone Sekeso]

Omkring die letter met die korrekte antwoord.

8. Die gedig handel oor die ...

A weersomstandighede.

B seisoene.

C wind.

D jas. (1)

9. Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies.

9.1 So "kaal soos `n woestyn" is `n voorbeeld van (personifikasie/
metafoor/vergelyking)_____ . (1)

9.2 Die gedig praat van die "seisoene" asof dit mense is.

Dit word (personifikasie/metafoor/vergelyking) genoem. (1)

10. Hoe sal jy voel as dit heel jaar winter moet wees?

_____ (2)

11. `n Woord wat met huis rym is muus.

Kies die korrekte woorde uit die gedig wat rym met:

geure _____ (1)

een _____ (1)

Lees die onderstaande inligtingstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg:

Mnr. Ngubane is `n goeie man. Hy woon langs Deena en hulle is dus bure. Op `n dag het mnr. Ngubane gesondheidsprobleme begin kry en `n besoek by dr. Smith gaan aflê. Dr. Smith het mnr. Ngubane deeglik ondersoek en hom daarvan bewus gemaak dat hy `n gesonder leefstyl sal moet aanleer. Hy sou graag langer wou leef en het die noodsaaklikheid daarvan beseef. Hy moet onder andere meer vrugte en groente eet en hy sal ook elke dag moet begin oefen. Mnr. Ngubane het vir oggendete `n pomelo geëet. Na ontbyt het hy en sy vrou twee kilometer met hul hond, Pepe, gaan stap. Vir middagete het hulle `n bord slaai geëet. Mev. Ngubane het vir hom sy gunsteling slaai voorberei. Eers kook sy pasta, gooi gekerfde wortels by en voeg dan komkommer, slaaiblarer en tamaties by. Daarna voeg sy sout by en meng dit met `n klein bietjie mayonnaise. Na middagete gaan ry mnr. Ngubane `n bietjie fiets en dan gaan slaap hy vir `n uur. Nadat mnr. Ngubane `n uur by die gimnasium geoefen het, gaan hy direk huis toe waar hulle dan aandete eet.

12. Omkring die letter met die korrekte antwoord vir vraag 12-13.

Ons het uit die teks geleer dat ...

A `n gesonde leefstyl is goed.

B ons bure is goed.

C Dr. Smith is goed.

D hardloop is goed.

(1)

13. Watter kossoorte sal die beste keuses wees vir mnr. Ngubane?

A Sjokolade en roomys.

B Pizza en skyfies.

C Appels en spinasie.

D Gaskoeldrank en alkohol.

(1)

14. Gee **twee** redes waarom dit so belangrik vir mnr. Ngubane is om sy leefstyl te verander.

(2)

15. Noem **twee** dinge wat jy sal doen om gesond te bly.

(2)

16. Plaas die volgende instruksies in die korrekte volgorde soos mev. Ngubane haar man se slaai in die storie voorberei het.

Gebruik nommer 1 - 4 in die tabel om die korrekte orde aan te dui.

	INSTRUKSIES	KORREKTE VOLGORDE
1.	Sy het sout bygevoeg.	
2.	Sy het wortels gekerf.	
3.	Sy het die pasta gekook.	
4.	Sy het komkommer, slaaiblare en tamaties bygevoeg.	

(2)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

17. Beantwoord die volgende vrae:

17.1 Skryf die volgende sin oor vanaf die teenwoordige tyd na die toekomstige tyd.

Mnr. Ngubane gaan daagliks gimnasium toe.

(2)

17.2 Skryf die volgende sin oor vanaf die verlede tyd na die toekomstige tyd.

Ons het `n gesonde slaai vir middagete geëet.

(2)

18. Verbind die volgende **twee** sinne om een korrekte sin te vorm.

Moenie die voegwoord 'en' gebruik nie.

Mnr. Ngubane het daaglik twee kilometer gestap. Mnr. Ngubane wou gewig verloor.

_____ (2)

19. Beantwoord die volgende vrae:

19.1 Skryf die volgende sin oor vanaf die indirekte rede na die direkte rede.

Die hemel het gesê dat hy ver weg sal gaan.

_____ (2)

19.2 Skryf die volgende sin oor vanaf die direkte rede na die indirekte rede.

Mnr. Ngubane het gesê: "Ek was gister dokter toe."

Mnr. Ngubane het gesê dat hy _____

_____ (2)

20. Skryf woorde neer met dieselfde betekenis vir die onderstreepte woorde:

Mnr. Ngubane wil gaan slaap nadat hy fiets gery het. _____ (1)

Die familie eet om sewe uur `n gesonde oggendete . _____ (1)

21. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer.

Bv . Die dame is baie (prag). Antwoord: pragtig

Om jouself te ooreet is baie (gevaar) vir jou gesondheid.

_____ (1)

22. Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte trappe van vergelyking in te vul.

Mnr. Ngubane is `n goeie fietsryer, maar sy vrou is _____ (1)

23. Onderstreep die korrekte spelling van die woord in hakies.

Dr. Smith het baie (patiënte/pasiënte) in haar spreekkamer. (1)

24. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

`Brood en botter ... smaaklik.

A het

B gehad

C ek


D is

(1)

TOTAAL AFDELING B: 16

AFDELING C: SKYF

25. Bestudeer die volgende staafgrafiek. Dit handel oor 'n aantal leerders by Hoërskool Sukses wat aan verskillende wedlope deelgeneem het. Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.



Die meeste leerders het aan die (25.1) _____m naellope

deelgeneem. Die minderheid van die leerders het in die

(25.2) _____m naelloop deelgeneem. Daar is

(25.3) _____naellope by die skool. Die (25.4) _____m en

(25.5) _____m naelloop het dieselfde aantal deelnemers.

(5)

Punte toekenning vir vraag 26.

Verwys na die memorandum vir gids.

Vraag	Kriteria	Maks Punte	Leerder se Punte
26.1	Korrekte paragrafering	3	
26.2	Spelling en puntuasie	2	
26.3	Sinskonstruksie en taal gebruik	3	
26.4	Inhoud	5	
26.5	Oorspronklikheid	2	

TOTAAL: 15